**Skriflesing:** Ps 72:1-19 (Teksvers: 6; 12-14)
**Tema:** Laat die wêreld groener agter.

Sommige Psalms, waaronder Psalm72, word as Konings- of as Messiaanse Psalms beskou. In Psalm 72 kan ons inderdaad iets van die Koninskap van Christus sien. Ons moet egter nie te gou dié Psalmvanuit die Nuwe Testament verklaar nie. Die Psalm moet in sy eie reg gelees word.

Die Koningspsalm handel in eerste plek oor 'n Israelitiese Koning, die voortbestaan van die nageslag van Dawid se koningskap.

Psalm72 hou verband met Jesaja en Sagaria se profesië dat in die Ou Testamentiese tyd 'n koning van vrede kom, 'n koning wat op 'n donkie ry. Hy sal, vir die mense van sy tyd, vrede en versoening bring deur sy plaasvervangende lyding.

In die Psalm sien ons kyk hoe lyk 'n goeie koning as verteenwoordiger van God. 'n Goeie koning is 'n regter wat die reg moet ken. 'n Koning moet leer om te regeer volgens die wil van God. Hy moet regverdige beslissings oor die volk vel. Die reg floreer onder sy regering.

Hy spreek nie net reg nie, hy laat ook reg geskied. Mense se lewens is vir so 'n koning kosbaar. Hy beskerm die reg van die verdruktes, help die armes en ontferm hom oor die swakkes en behoeftiges. Hy red en verbrysel die verdrukkers.

Sy magtige dade is soos reën op sy mense. (Psalm 72:6) Hy laat "reën" nuwe hoop, lewe en lewenskwaliteit en laat die wêreld groener agter.

Die fokus aan die begin van die Nuwe Testament val weer op 'n koning. Baie Jode soek 'n koning wat hulle gaan bevry van Romeinse onderdrukking.
Koning Herodus vrees 'n koning wat hom van die troon sal verwyder. Hy soek die koning om hom dood te maak.

Regdeur die Matteus evangelie vra mense: "waar is die koning?".
Dit begin by die vraag van die sterrekykers in Matteus 2:2: "waar is Hy wat as koning van die Jode gebore is?"
Ook Johannes die Doper vra die vraag in Matteus 11:3: "Is U die een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?"  Om dan te hoor: Wanneer jy My soek, soek My by die verlamdes, die melaatses, die dowes, die dooies en die armes.
Jesus is nie 'n koning in 'n paleis nie. Hy is 'n koning wat is waar Hy, volgens mense, nie moet wees nie. 'n Koning wat te vinde is by almal, ook by die uitvaagsels, die vreemdes en die onreines van die destydse samelewing.
In Matteus 11:19 word Hy 'n vraat en wynsuiper, 'n vriend van tollenaars en sondaars genoem.
En later, wanneer Jesus met sy intog in Jerusalem met koninklike hosannas begroet word as die koning van die Jode, die Seun van Dawid, die een wat die Romeinse juk sal afgooi, stel Hy die skare so teleur dat daar spoedig sarkasties gevra word: "wie is hierdie man?" Om maar net te hoor dat hy uit Galilea van die heidene kom, vanaf 'n obskure plekkie met die naam van Nasaret. Nou nie eintlik 'n plek waar 'n mens 'n koning sou soek nie.

En wanneer ‘n Romeinse regter in ‘n bespotlike verhoor aan Jesus vra: “Is jy die koning van die Jode”, antwoord nóg God nóg mens.
Wanneer Jesus gekruisig word, is dit die heidene wat spottend aan Jesus ‘n titel gee: “Dit is Jesus, die koning van die Jode” (Matt 27:37)

Maar ‘n koning in ‘n krip en aan die kruis, dit kan tog nie? ‘n Koning hoort nie daar nie. En Hy hoort nie by die mense met wie Hy omgaan nie.

Die fout wat ons maak is om Jesus net in paleise, langs oorvol kerstafels, in netjiese sakelyste, notules en in kerkgeboue te soek. En Hy is hier teenwoordig.

Maar Hy is ook ‘n Koning in die wêreld vol onreg en duister.
Ons leef in ‘n wêreld waarin die waardigheid van menswees dikwels ondergeskik gemaak word aan die mag en brutaliteit van ander. Dit is ‘n wêreld waarin baie mense, op baie maniere en om verskillende redes, rondgestoot en rondgestamp word. ‘n Wêreld vol armes, die wat nie gereken word nie en wat sinloosheid en moedeloosheid op verskillende maniere beleef.
Ons bid teen geweld teen vroue en kinders in ons land waarin, volgens die afgelope kwartaal se misdaadstatistieke elke dag:

- 11 vroue en 3 tot 4 kinders vermoor word
- 14 voorvalle van poging tot moord by die polisie aangemeld word
- Meer as 115 vroue verkrag word

En in 70% van die moorde op vroue was die moordenaar, wat meestal ‘n man was, onder die invloed van alkohol of dwelms of van albei.

In hierdie wêreld is Jesus Koning, besig om die reg te handhaaf. Hy is meer … as onheilige Kersvrede, as ‘n soort van wapenstilstand wat vir ‘n paar uur lank op die aarde toesak, om met op Oukersdag en Nuwejaar daarna vervang te word met ‘n geraas, ‘n gestry, ‘n geswets en ‘n gebaklei in die huwelik, in besigheid, in sport en in die politiek.

Hy bring blywende vrede waarvan Hy in Johannes 14:27 sê: “Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.”
En Hy bring hierdie vrede vir alle mense.

Kersfees roep ons op aan hierdie Koning hulde te bewys. Ons moet voor Hom kniel en Hom aanbid.

Maar die hulde wat ons as sy kinders aan Hom bring, is meer as die sing van Kersliedere en die bywoon van ‘n Kersdiens op 25 Desember.

Ons kan nie net toeskouers van Sy fees wees nie, ons is verteenwoordigers van die Koning! Ons moet die boodskap van Sy fees uitleef deur te doen wat ons Koning gedoen het. Ons moet toelaat dat sy reën van liefde, vergifnis, verlossing, seën, sorg, vrede ens deur ons uitstort. Sodoende laat ons die wêreld groener agter.

Platvoet op moeder aarde, in ‘n wêreld vol onreg en onvrede, moet ons reg laat geskied.

Ons moet ons Koning eer, deur sy reg en vrede in ons gemeente en gemeenskap aan almal uit te leef en uit te deel, in besonder aan vroue en kinders.

Ons moet in sy naam kragtige dade doen. Oor wie gaan jou Kersfees beplanning? Watter rol speel Ps 72:12-14 daarin?

"12 Hy sal die arme red wat om hulp roep, die verdrukte en dié wat geen helper het nie;
13 hy sal hom oor die swakke en die behoeftige ontferm, die lewens van die arm mense beskerm.
14 Hy sal hulle van onderdrukking en geweld bevry; hulle lewens sal kosbaar wees in sy oë."

Dit is tragies dat ons soms Kersfees met soveel oorgawe vier, maar nie soos die werklike Koning waaroor hierdie fees gaan nie. Wie nie die Koning van hierdie fees se koninkryk uitreën op ander nie, vier 'n wêreldse fees.

Moet nooit vergeet dat die wêreld ook deelneem aan hierdie fees nie. Mag ons hierdie Kerstyd so deurbring dat die wêreld nie weer vir ons hoef te vra waar ons Koning is nie!
**Amen**